EIGEVIS NUUSBRIEF

Hallo al die familie

Dit is ses maande sedert ons almal saam AJF Eigelaar & Seuns (Edms) Bpk se 50ste bestaansjaar gevier het. Somtyds voel dit soos gister – en ander tye voel dit soos 'n jaar gelede.
Daar het ontsettend baie in hierdie ses maande gebeur. Oom Theon is oorlede, Jolandi en Johnnie was in 'n motorongeluk waarin Jolandi verlam is, Marelize is oorlede in 'n motorongeluk, Oom Johnnie is dieselfde naweek oorlede en toe kort daarna moes ons ook van Oom Floors afskeid neem.

Somtyds as 'n mens terugkyk, dan wonder jy of dit werklik alles met een familie gebeur het – en hoe so 'n familie al hierdie hartseer moet verwerk?! Maar dan kyk ons terug na wat ons ouers alles deurgemaak het deur net saam te staan en mekaar te ondersteun, en jy besef dit is nou ons beurt om mekaar te ondersteun. So moenie ophou om vir Jolandi e-mails te stuur nie, moenie ophou om jou familie te bel nie, moenie ophou om sms'e te stuur met verjaarsdae nie en moet veral nie ophou om daardie skietgebedjies op te stuur wanneer jy skielik op 'n dag aan iemand dink nie. Die Man daar Bo waak oor ons en beantwoord ons gebede. Somtyds sê hy "ja", somtyds sê hy "nee" en somtyds sê hy "miskien later". Die Antwoord is nie altyd wat ons wil hoor nie, maar omdat ons weet Hy weet beter, bring dit berusting.

Die positiewe van al hierdie begrafnisse was natuurlik dat ons mekaar baie meer gesien het hierdie jaar as wat ons normaalweg vir mekaar sien. Familie wat ver bly en wat jy slegs een keer per jaar sien, het jy nou ewe skielik twee of drie keer gesien – en dit was wonderlik !!!

Mooi loop en baie liefde vanuit Laaiplek.
Eigevis bo!

Spook

AJF EIGELAAR & SEUNS *(Edms) Bpk* SE DIREKSIE HOU BOSBERAAD.

Op 24 en 25 Julie het die huidige AJF direksie 'n strategiese bosberaad gehad - op Jacobsbaai.

Die direksie van AJF Eigelaar & Seuns (Edms) Bpk op Jacobsbaai met hulle bosberaad.

Vanjaar is die eerste jaar wat die hele AJF direksie uit slegs derde geslag neefs en niggies bestaan. Oom James en Oom Theon was die laastes van die tweede geslag wat uitgetree het en die derde geslag moes besluit oor wat ons vorentoe wil doen met die maatskappy en hoe ons dit wil doen.

'N GESKIEDKUNDIGE ALGEMENE JAARVERGADERING

Op 19 Augustus 2008 het AJF vir die eerste keer in sy bestaan 'n algemene jaarvergadering gehou wat deur meer mense as net sy direkteure bygewoon is. Alle trustees van die verskillende familietrusts was genooi, asook die hele derde geslag. 'n Formaat wat definitief in die toekoms weer gevolg sal word.

WAT IS NUUT IN DIE BESIGHEID?

Ons is tans besig met die voltooiing van nuwe selfsorg-eenhede in die Hoedjiesbaai Sentrum in Saldanha. Die eenhede is net oorkant die Hoedjiesbaai Hotel en sal deur die hotelpersoneel bestuur en bedryf word. Dit behoort einde November 2008 gereed te wees vir inwyding.

Ons is ook die nuwe eienaars van die perseel in Voortrekkerweg, Velddrif, wat langs Stegmill woonstelle geleë is. Dis waar die ou Alabama restaurant was. Ons beplan om vir die korttermyn gedeeltes daarvan in residensiële eenhede te omskep. Die langtermynplan is nog 'n geheim.

Tessie het bedank as direkteur van AJF Eigelaar & Seuns (Edms) Bpk. Adri (sy seun) is in sy plek aangestel en het al sy eerste direksie-vergadering bygewoon in September. Ons wens hom die wysheid van Salomo toe.
Tessie het besluit om op 'n vroeë aftrede te gaan – hy sê daar is nog baie dinge wat hy wil doen voor hy te oud word daarvoor. Geniet dit en voorspoed!!! Die meeste van ons het nie die 'guts' om so iets te doen nie.

EIGELAARS HOU WEER DONASIE-AAND

Soos dit die gebruik is die afgelope drie jaar, het ons weer 'n Donasie-aand gehou op 14 Julie 2008. Met hierdie aand poog ons om 'n bydrae tot die gemeenskap te maak en so ook ons maatskaplike verantwoordelikhede na te kom.
Ons het elke jaar 'n projek wat ons uitsonder en hierdie jaar was dit die kosgee-projek in Noordhoek. Meer as 200 liter sop word weekliks gemaak en hoofsaaklik by die Laerskool en voorskoolse groepies uitgedeel.

EIGEVIS GHOLFDAG

Op 3 Oktober het ons ons 5de Eigevis gholfdag gehou. Op hierdie dag nooi ons altyd ons kliënte en verskaffers (en natuurlik die familie) uit en ons speel gholf en kuier die aand almal saam. Daar was 17 spanne wat afgeslaan het, 3 natgate, baie lekker kos by Riviera Hotel en pryse vir Afrika. Almal het dit ontsettend baie geniet.
Gaan kyk gerus na die gholfdag-foto's by www.eigevis.com

HET JY GEWEET?

Appels en Jeannie het weer Oupa en Ouma geword op 7 April 2008. Jean-marie het 'n seuntjie gehad en sy naam is Luan Robertson.
Daniel en Carina is swanger. Die kleinding word verwag in Februarie 2009.

Annette, Leana en Steve Hofmeyr kuier saam in Jacobsbaai.